Saterdag **7 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 30**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 30:21-25**

**Wees dankbaar vir die genade wat die Here aan jou bewys**

Ons lees in die Skrifgedeelte dat die Amalekiete ’n strooptog na Siklag onderneem het en dat hulle vrouens en kinders as krysgevangenes geneem het. Nadat Dawid die Here geraadpleeg het, het hy en ’n groep van 600 mans die Amalekiete agtervolg en teen hulle geveg. Deur die genade van die Here het Dawid en sy manne al die krysgevangenes teruggekry, asook al die buit wat die Amalekiete geneem het.

Ons lees in vers 10 dat ’n groep van 200 mans te moeg was om verder die Amalekiete te agtervolg. ’n Groep mans, wat as sleg en nikswerd beskryf word, wat wel teen die Amalekiete geveg het, wou nie die buit wat hulle gekry het, met die 200 mans gedeel het nie. Dawid toon goeie leierskap wanneer hy die besluit maak dat die buit tussen almal gelykop gedeel moet word.

Dit is die boodskap van ons fokusverse. Alles wat ons ontvang, is net genade. Dawid het geweet dat selfs die buit nie aan hulle behoort nie, maar aan die Here. Die Here het in Dawid en sy manne se nood voorsien deur al hulle besittings terug te gee asook die res van die buit wat die Amalekiete gehad het. Dit is wat genade is – ons ontvang wat ons nie verdien nie. Al het die 200 mans nie die buit verdien nie, het hulle dit uit genade ontvang. Ons ontvang ook wat ons nie verdien nie, naamlik die Here se liefde, genade, barmhartigheid, bewaring en seëninge wat Hy op grond van Jesus Christus se verlossingswerk gratis aan ons skenk.

Ons moet nie soos die slegte en nikswerd mans kla oor die genade wat ander gratis ontvang nie, want ons is self ontvangers van God se genade al verdien ons dit nie. Dank die Here vandag daarvoor!

*Sing: Psalm 107-1:1, 10*

*Ds. R (Ruan) Steyn (Oshakati)*